Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.

Graad 5 Natuurwetenskappe en Tegnologie Eksamen: kwartaal 3 en 4

45 punte / 60 minute

Opgestel deur Rouxlyn Botha

Memorandum

---

**Afdeling A: Kortvrae**

**Vraag 1 [2]**

1.1 Coelacanth. (1)
1.2 Rond. (1)

**Vraag 2 [4]**

2.1 Fossiele is die oorblyfsels van ou plante en diere wat in rotse behoue gebly het. (2)

2.2 ’n Stroombaan is ’n stelsel wat elektriese energie oordra na waar dit benodig word. (2)

**Vraag 3 [2]**

3.1 Onwaar. Die “Wieg van die Mensdom” is ’n plek waar daar belangrike fossiele van die mensdom gevind is. (1)

3.2 Waar. (1)

**Vraag 4 [2]**

4.1 a) (1)

4.2 c) (1)

**Afdeling B**


**Vraag 1 [3]**

1.1 Die Aarde beweeg in ’n wentelbaan om die Son. Die Aarde draai ook om sy eie as. (2)

1.2 Die beweging van die Aarde om die Son. (1)

**Vraag 2 [7]**

2.1




(4)

[Een punt vir die korrekte rangskikking van asse; een punt omdat asse benoem is; een punt vir die korrekte tipe grafiek; een punt vir die korrekte hoogte van die stawe.]

2.2 A: Sand; B: Klei; C: Leem (3)

**Vraag 3 [1]**

3.1 Die albaster sal vorentoe skiet (beweeg). (1)

**Vraag 4 [2]**

4.1 Spoorfossiel. Dit is ’n foto van ’n fossiel van die voetspoor van ’n dier, en nie van die dier se liggaam nie. (2)

**Vraag 5 [3]**

5.1 Die kers met die grootste glas bo-oor sal die langste brand, omdat daar meer suurstof onder die glas is. (2)

5.2 Lig. (1)

**Vraag 6 [6]**

6.1 A: Sel; B: Drade; C: Gloeilamp (3)

6.2 A: Kragstasie; B: Substasie; C: Kragboks (3)

**Vraag 7 [4]**

7.1 A: Rotse breek op in kleiner korrels.

B: Die modder en sand word in laagliggende gebiede gedeponeer.

C: Nuwe lae modder en sand word mettertyd bo-op die bestaande laag gedeponeer.


D: Uiteindelik raak die lae gekompakteer en vorm ’n sedimentêre rots. (4)

**Vraag 8 [6]**

8.1 Wa; Motor; Fiets (3)

8.2 Dit help voertuie om makliker te beweeg. (1)

8.3




(2)

**Vraag 9 [3]**

9.1 Versmoor die vuur met die kombers. Gooi die skottelgoedwater op die vuur uit. (2)

9.2 Sy moes die kers doodgeblaas het. (1)

---

**Totaal: 45 punte**